CHARL VAN ROOYEN
cvanrooy@landbou.com



**Bron van kennis.** Louis Meyer (links) en Jan Steenkamp, wat die stoetery by Nietverdiend bestuur.

## 10 Wenke vir boerderysukses

# Kry oplossings, nie verskonings

Sy gespesialiseerde veekennis het Louis Meyer, bekroonde eienaar van die oudste Brahman-stoetery in Suid-Afrika, oor die wêreld heen versamel. Een daarvan is om sonder grond te boer, 'n beginsel wat hy by die Argentyne geleen het.

### KORTOM

- Die oudste Brahman-kudde in Suid-Afrika is ook een van die vrugbaarstes, met die hoogste melksyfers in die land.
- Louis Meyer doen ervaring reg oor die wêreld op, en dié veemeester boer sonder grond.
- Sy praktiese ingesteldheid getuig van betrokkenheid, gesonde verstand en deeglikheid, met die oog op naspeurbaarheid.

In 'n era met 'n oormaat inligting beskikbaar deur sosialemedia-"kundiges" is dit 'n kuns om die kaf van die koring te skei. Praat min, luister baie, sorg dat jy weet wat in jou boerdery aangaan en kyk mooi na jou mense, is Louis Meyer, eienaar van Loriza Brahmane, se benadering wat aan hom voortgesette sukses en vooruitgang besorg.

Louis woon naby Lichtenburg, maar het ook boerderybelange by Nietverdiend, Zeerust en Mosselbaai.

"Die belangrikste dinge sal in die toekoms gaan oor naspeurbaarheid waarvoor standaardbedryfsprosedures neergepen moet word, die vermoë om ingelig te bly oor wat jy nodig het, en te weet wat jy kan bekostig."

### Louis se 10 kernboerderybeginsels

**Bly ingelig.** Moenie oor iets praat waarvan jy niks weet nie. Baie jong mense maak daardie fout. Klim eerder oor die kraalmuur, weeg jou beeste en verkry só akkurate syfers. Kyk hoe gou 'n kalf opstaan en aan sy ma drink nadat hy gebore is. Maak seker die koei het genoeg melk om die kalf groot te maak. Weeg die kalf gereeld om sy groeiproses te monitor. Só leer jy jou beeste ken.

**Selekteer streng.** Louis se pa het hom geleer om kras te selekteer. As daar fout is en die bul of koei presteer nie goed nie, raak van hom of haar ontslae.

**Hou rekord.** Hou boek van elke ding op die plaas, anders sal jy êrens 'n tekort ervaar. Mense is geneig om makliker te bestee as